Die Maand Wat Was

Februarie 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Januarie 2013



Bron: Credit Suisse



Bron: ABSA

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en ‘n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Januarie 2013 - Die Maand Wat Was

Die jaar het flink begin met markte wat deur die loop van die maand nuwe hoogtepunte bereik het. Hierdie keer sluit dit wêreldmarkte ook in wat naby 2007 se voor finansiële krisis hoogtepunte verhandel, nie net die Suid-Afrikaanse markte nie. 'n Tema wat hierdie jaar na vore kom en wat al meer gehoor word, is die "Great Rotation" debat. Hierdie rotasie gaan oor die besluit wanneer beleggers gaan terugskuif uit staatseffekte (veilige hawe) na groeibates (aandele en kommersiële eiendom).

Tans is beleggers nog bereid om 'n vaste opbrengs van tussen 1,5% en 2,0% per jaar te verdien vir 10 jaar op veilige beleggings. Byvoorbeeld - 'n 10 jaar belegging in VSA effekte verdien 2% rente per jaar, in Duitsland verdien jy 1,7% per jaar, in Engeland 2,1% per jaar en in Switserland 0,7% per jaar. Beleggers was bereid om hierdie historiese lae opbrengste te verdien omrede hulle nie genoeg vertroue in ander beleggings gehad het nie. As ek na die opmerkings kyk vanuit die jaarlikse Wêreld Ekonomiese Forum in Davos en uitlatings van analiste, begin hul al meer noem dat die risiko begin verminder en dat al meer beleggers meen dat die 2% per jaar vir 10 jaar dalk nie meer die aangewese voertuig is nie.

Hierdie vraag oor die Groot Rotasie gaan primêr oor wanneer beleggers genoeg vertroue in die toekoms van die wêreldekonomie en markte gaan kry om hul geld uit die veilige 2% beleggings te skuif na groeibates – basies na wêreld aandele-markte en kommersiële eiendom. Hiermee saam is daar dan die miljarde Dollars en Euro's wat maatskappye tans opsy sit en huiwer om aan te wend omrede daar nog nie genoeg vertroue is dat die skokke vir eers agter ons is nie.

Die ander tema wat uit die WEF vergadering in Davos kom, is dat die oplossing vir die skuldprobleme in die VSA en in Europa daarin gaan lê dat die generasie wat die skuld gemaak het, basies die las om die skuld terug te betaal, gaan afskuif op die volgende generasie. Europeërs en Amerikaners wat die geld spandeer het, gaan hul kinders verplig om hierdie spandering oor die volgende 10, 20 en 30 jaar terug te betaal uit belastings en heffings.

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging by Davos het baie klem geplaas op die Nasionale Ontwikkelingsplan – ek verwag dat ons baie meer hiervan gaan hoor in die President se toespraak wanneer hy die Parlement open (*op Valentynsdag nogal!*) en hopelik meer detail oor die implimentering tydens minister Gordam se Nasionale Begroting.

Die vierde reeks van "*Sakegesprek met Theo Vorster"* skop op Woensdag 3 April af. Die formaat van die program gaan dieselfde wees as in die verlede: ek en Riana de Lange (nuusredakteur van Sake24) gaan gesels oor van die week se belangrikste finansiële- en ekonomiese nuus waarna ek 'n onderhoud met 'n prominente sakeleier gaan doen. Ek is in die proses om 'n gastelys saam te stel en sal graag na voorstelle kyk – nie net vir sakeleiergaste nie, maar ook van onderwerpe vir onderhoude?

Die Sakegesprek boek vorder baie goed – die plan is om die boek in April uit te gee. Die plan is om in die boek die kernpunte uit elke onderhoud vas te vat en daarop uit te brei. Met die bestudering van die onderhoude kom mens net weer agter wat die kwaliteit van ons sakeleiers is en dat hierdie mense graag hulle sakevernuf en advies wil deel met kykers. In hiedie geval - met die lesers van die boek.



Ons beplan om vanaf Maart ‘n persoonlike finansies advies-insetsel by kykNET se Dagbreek program in te sluit. Weereens, indien daar onderwerpe is wat ons moet bespreek, stuur gerus ‘n e-pos?

Die Dagbreek TV program op kykNET word weeksoggende vanaf 05h30 tot 07h30 uitgesaai. Sluit gerus elke Maandag - en Donderdagoggend van 06h35 tot 06h45 by ons aan, dan gesels ek oor ekonomiese en finansiële sake en die moontlike implikasies daarvan op markte en beleggingsbesluite.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur ‘n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za



Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om ‘n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.
Theo is ‘n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, ‘n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.